education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

BESIGHEIDSTUDIES

MODEL 2007

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit drie onafhanklike vrae wat alle leeruitkomste dek. AL DRIE die vrae in hierdie afdeling moet beantwoord word.
   AFDELING C: Bestaan uit vier vrae wat alle leeruitkomste dek. Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Neem die gegewe tydtoekenning vir elke vraag in ag wanneer vrae beantwoord word.

3. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur en beantwoord slegs dit wat verlang word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Behalwe waar ander instruksies gegee is, moet antwoorde in volsinne gegee word.

6. Die puntetoekenning by elke vraag sal die lengte van jou antwoord bepaal.

7. Begin die antwoord op elke vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 - NUWE bladsy, VRAAG 2 - NUWE bladsy, ensovoorts.

8. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning vir elke vraag.

VRAAG	AFDELING	PUNTE	TYD
1	**A:** Meervoudigekeuse-vrae, Waar of Onwaar, Pasitems VERPLIGTEND.	40	24 min.
2	**B:** DRIE direkte vrae Beantwoord AL DRIE die vrae.	60	36 min.
3		60	36 min.
4		60	36 min.
5	**C:** Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.	40	24 min.
6		40	24 min.
7		40	24 min.
8		40	24 min.
	TOTAAL	**300**	**180 min.**

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.1.6 B.

1.1.1 Die bestuur van 'n onderneming het volle beheer oor ...

A die infrastruktuur.
B die tegnologiese omgewing.
C die funksies van die ondernemings.
D mededingers.

1.1.2 Eienaars van die volgende tipe onderneming het onbeperkte aanspreeklikheid:

A Beslote korporasie
B Vennootskap
C Publieke maatskappy
D Private maatskappy

1.1.3 Watter EEN van die volgende is 'n metode wat bestuurders kan gebruik om stres te verlig?

A Sluit werkers by die besluitnemingsproses in
B Nuwe mededinger in die mark
C Transformasie in die werksplek
D Staakaksie deur vakbondlede

1.1.4 Albany-brood, wat by 'n bakkery gekoop word, is 'n voorbeeld van ...

A luukse goedere.
B uitsoekgoedere.
C geriefsgoedere.
D spesialiteitsgoedere.

1.1.5 Watter EEN van die volgende is NIE deel van die 4 P's van die bemarkingsresep nie?

A Promosie
B Personeel
C Plek
D Prys (5 x 3) (15)

1.2 Kies 'n begrip uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A - F) langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.2.6 G.

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	'n Beleid wat op 'n aktiewe wyse benadeelde groepe aanmoedig om ten volle en gelykwaardig aan werksgeleenthede deel te neem	A	ekonomiese bemagtiging
		B	franchise
		C	produktiwiteit
1.2.2	Die identiteitsmerk wat produkte van mekaar onderskei	D	regstellende aksie
		E	beleid
1.2.3	Ondersteun mense om ekonomiese vaardighede te ontwikkel sodat hulle beheer oo hulle lewens kan neem	F	handelsmerk
1.2.4	'n Ooreenkoms wat iemand die reg gee om die besigheid se produkte in 'n sekere gebied te bemark		
1.2.5	Vermoë om doeltreffend en effektief te produseer		

(10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.5) in die antwoordeboek neer. Indien 'n stelling onwaar is, verander die onderstreepte woord om dit WAAR te maak.

1.3.1 'n Onderneming kan sy mark beïnvloed deur middel van 'n sterk bemarking<u>strategie</u>.

1.3.2 'n Veilige werksomgewing lei tot <u>laer</u> produktiwiteit en laer produksiekoste.

1.3.3 Dit is <u>etiese</u> gedrag vir 'n bestuurder om vertroulikheid rakende 'n werknemer se MIV/Vigs-status te handhaaf.

1.3.4 'n Geografies-verspreide mark is 'n rede vir <u>direkte</u> distribusie deur vervaardigers.

1.3.5 <u>Onderbroke</u> produksie word deur spesialisasie van arbeid gekenmerk. (5 x 3) (15)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord AL DRIE die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Sommige besighede vind dit moeilik om totale beheer oor die besigheids-omgewing te hê.

Identifiseer VIER komponente van die makro-omgewing en verduidelik kortliks of die besigheid volle beheer oor die komponente het al dan nie. (16)

2.2 Dit is belangrik vir bestuurders van besigheidsondernemings om sorgvuldig van die veranderinge en uitdagings wat binne die markomgewing bestaan, kennis te neem.

Bespreek hoe jou besigheid by die uitdagings van enige VIER komponente van die bogenoemde omgewing sal aanpas. (16)

2.3 Lees die onderstaande gevallestudie en volg die daaropvolgende instruksies:

HUUR 'n NUTSMAN

Daaraan gedink om 'n besigheid te begin? Wat van 'n eenstopwinkel wat alle huishoudelike, tuin- en nutsmandienste verskaf - om die waarheid te sê, 'n eggenoot!

Vier skoolvriende, Khuzwayo, Robin, Thandi en Matty, het besluit om hierdie besigheid te begin. Hulle het die besigheid KRTM Huishoudelike Dienste genoem. Hulle wil bekostigbare, nywerheidsverwante pryse vir 'n wye reeks huishoudelike dienste, soos tuin-, loodgieters- en elektriese dienste, ensovoorts, aanbied.

Hierdie vriende sal in 'n wye reeks tuin- en nutsmangereedskap belê, waarvoor Khuzwayo verantwoordelik sal wees.

Die duurste item sal 'n tweedehandse veeldoelvoertuig, soos 'n Nissan 1400-bakkie, wees.

Robin sal pamflette voorberei om per hand af te lewer ten einde hulle dienste te adverteer.

Thandi sal verantwoordelikheid vir die personeelvoorsiening aanvaar. Sy sal sorg dat potensiële werknemers sorgvuldig gekeur word voor indiensneming.

Matty sal die oriënteringsprogram van die personeel hanteer.

Matty het ook ingewillig om deurlopend die finansies van die besigheid te hanteer.

Die volgende aksieplan is deur Robin ontwerp:

KRTM Huishoudelike Dienste
Aksieplan

AKTIWITEITE	BEGINDATUM	VERWAGTE VOLTOOIINGS-DATUM	WERKLIKE VOLTOOIINGS-DATUM
Finansiering	1 Maart 2007	30 April 2007	15 April 2007
Aankope	1 Mei 2007	31 Mei 2007	20 Junie 2007
Advertering/ Reklame	1 April 2007	30 Junie 2007	31 Mei 2007
Personeel-voorsiening	1 April 2007	30 April 2007	25 Mei 2007
Opleiding	15 April 2007	30 April 2007	31 Mei 2007

Gebruik die bostaande inligting en voltooi die Gantt-kaart vir KRTM Huishoudelike Dienste in jou antwoordeboek. Van jou word ook verwag om die waarde van die Gantt-kaart te verduidelik.

Gantt-kaart vir KRTM Huishoudelike Dienste

AKTIWITEITE	MAART	APRIL	MEI	JUNIE	PERSOON VERANTWOORDELIK
Finansiering					
Aankope					
Advertering/ Reklame					
Personeel-voorsiening					
Opleiding					

(20)

2.4 Identifiseer enige VIER ondernemerskenmerke vir 'n goeie entrepreneur. (8)
[60]

VRAAG 3

3.1 Noem enige DRIE voordele van bruikhuurooreenkomste. (6)

3.2 Noem enige TWEE nadele van bruikhuurooreenkomste. (4)

3.3 Madikwe Hotel is naby die Nasionale Kruger-wildtuin in Mpumalanga geleë.

Die volgende tabel dui inligting aan van die aantal gaste wat by hierdie hotel ingeteken het vanaf November 2006 tot Maart 2007:

TOERISTE/ BESOEKERS	NOVEMBER 2006	DESEMBER 2006	JANUARIE 2007	FEBRUARIE 2007	MAART 2007
Gesinne	80	90	85	50	32
Enkel-lopende mans	40	85	70	40	20
Enkel-lopende dames	30	75	60	35	10
Toergroepe	134	176	140	88	80
TOTAAL	**284**	**426**	**355**	**213**	**142**
Persentasie	**20%**	**30%**	**25%**	**15%**	**10%**

3.3.1 Watter persone betrokke by die Madikwe Hotel benodig bogenoemde inligting? (2)

3.3.2 Vir watter doel, dink jy, sou hulle hierdie inligting benodig? (2)

3.3.3 Watter maand, volgens die tabel, is die grootste getal besoekers aan die Madikwe Hotel aangeteken? Motiveer jou antwoord. (2)

3.3.4 Stel die bostaande persentasies in die vorm van 'n histogram, versprei oor maande, voor. (4)

3.4 Die volgende tabel verwys na die kenmerke van eienaarskap. Teken die onderstaande tabel in jou antwoordeboek oor en voltooi dit ten opsigte van kenmerke genommer 1 tot 5 vir 'n eenmansaak en 'n beslote korporasie.

BESONDERHEDE	EENMANSAAK	BESLOTE KORPORASIE
1. Naam		
2. Lidmaatskap		
3. Aanspreeklikheid		
4. Regspersoonlikheid		
5. Belastingheffing		

(10)

3.5 Identifiseer enige VYF voordele van 'n private maatskappy. (10)

3.6 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vraag wat volg:

WED OP DIE VERKEERDE WEDDERS

My naam is Cindy. Ek het 'n gevestigde posisie as 'n joernalis vir 'n tydskrif by 'n prominente uitgewersmaatskappy beklee.

Ek is aandelebesit en direkteurskap deur 'n uitgewersmaatskappy aangebied. Die ooreenkoms was dat ek die intellektuele kapitaal sal voorsien, wat hulle nie gehad het nie, en die direkteure sou die finansies voorsien.

Die eerste maand het 'n inkomste van R300 000 ingebring. 'n Groot deel het vir drukkoste gegaan en die res vir salarisse en bedryfskoste.

Die tweede maand het glad verloop en die wins van die tydskrif het die besigheid aan die gang gehou. Daar was nie 'n onmiddellike behoefte aan verdere kapitaalinvestering nie. Dit was by hierdie punt waar probleme begin het. Die bestuurshoof wat die bedryf bestuur het, het begin om ongewone dinge te doen.

Oor 'n tydperk van twee maande het hy nege nuwe personeellede in diens geneem wat nie in die besigheid nodig was nie. Hy het die hele finansiële aspek van die besigheid bestuur en het my verseker dat ons alles onder beheer gehad het.

Nadat hy al hierdie nuwe personeel, in posisies wat nie bestaan het nie, in diens geneem het, kondig hy aan dat ons groter kantore benodig. Die oorspronklike kantore het ons vir R4 000 per maand gehuur en die nuwe kantore sou R44 000 per maand kos. Op daardie stadium was daar nog geen kapitaalbelegging vanaf die direkteure nie en ons het die tydskrif met fondse uit verkope gegenereer, gedruk.

Die volgende maand het hy die personeel en die huur betaal en gesê hy kon my as gevolg van kontantvloeiprobleme nie onmiddellik betaal nie en ek moes twee weke wag.

Ek het hom versoek om met die res van die direkteure te praat om 'n kapitaalbelegging te maak om my salaris te betaal. Hy was woedend en het verduidelik dat ons geld uit die besigheid moes maak vir daardie tipe uitgawe. Hulle het my as minderheidsaandeelhouer by vergaderings uitgesluit.

Een oggend het ek in sy kantoor ingestap waar hy besig was om koffiebekers vir die nuwe uitvoerende kantore te bestel, terwyl ek steeds vir my salaris gewag het.

Uiteindelik sou ek betaal moes word of bedank.

[Aangepas en vryvertaal uit: *Succeed*, Oktober 2006]

Nadat jy die gevallestudie op die vorige bladsy gelees het, pas jou kreatiewe denkvaardighede toe, gerugsteun deur die VYF stappe van probleemoplossing, om die uitgewersmaatskappy te red en te verhoed dat Cindy die maatskappy verlaat. (20)
[60]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik VYF strategieë wat jy as bestuurder kan toepas ten einde stres te bestuur. (10)

4.2 Noem enige VIER faktore wat buitelandse bemarking meer uitdagend as bemarking in Suid-Afrika maak. (8)

4.3 Bemarkingsbestuur moet altyd van die belangrikheid van die inhoud van 'n produk bewus wees. Daarom moet spesiale aandag aan die korrekte keuse van verpakking gegee word.

Verduidelik VIER verskillende vorme of tipes verpakking. Maak gebruik van toepaslike voorbeelde in jou antwoord. (12)

4.4 Advertering hou verskeie voordele vir beide verbruikers en bemarkers in. Dit help verbruikers om die hoogste vlak van behoeftebevrediging teen die bes moontlike prys te bereik.

Noem enige VIER ander voordele vir die verbruikers en bemarkers. (8)

4.5 Mbizana Vervaardigers BK spesialiseer in die vervaardiging van verskillende groottes sleepwaens vir die vervoerbedryf.

Verduidelik, as produksiebestuurder, die veiligheidsvoorsorgmaatreëls of veiligheidsplan wat jy sal instel ten einde 'n veilige en gesonde omgewing vir werkers te verseker. (8)

4.6 Bestudeer die onderstaande inligting van Darnall Vervaardigers BK wat ingelegde voedsel vervaardig en beantwoord die vrae wat volg:

DARNALL VERVAARDIGERS BK
PRODUKSIEKOSTE VIR AUGUSTUS 2007

Grondstowwe vir ingelegde voedsel	R40 000
Direkte arbeidskoste	R60 000
Versekering	R8 000
Huur van fabriek	R10 000
Waardevermindering van vervaardigingsaanleg	R4 000
Skoonmaakmiddels	R9 000
Verpakkingsmateriale	R13 000

Darnall Vervaardigers BK het 36 000 blikke ingelegde voedsel gedurende Augustus 2007 vervaardig. Toon AL jou berekeninge vir die volgende vrae:

4.6.1 Bereken die primêre koste vir die maand. (3)

4.6.2 Bereken die vaste oorhoofse koste vir die maand. (4)

4.6.3 Bereken die totale produksiekoste vir die maand. (4)

4.6.4 Bereken die koste van EEN blikkie ingelegde voedsel. (3)
[60]

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

In Suid-Afrika is MIV/Vigs tans 'n geweldige ernstige siekte, nie slegs vir diegene wat besmet is nie, maar ook in terme van die effek wat dit op die ekonomie het. Besigheidsbedrywighede word verder deur werkloosheid, armoede en misdaad beïnvloed.

Doen 'n volledige evaluering van die invloed en uitdaging van die bogenoemde sosio-ekonomiese kwessies op besigheidspraktyke te verskaf. **[40]**

VRAAG 6

'n Bekende versekeringsmaatskappy hanteer 'n groot hoeveelheid diverse inligting wat op 'n databasis geplaas moet word. Die maatskappy het gevind dat hulle 'n tekort aan tegnologie, opleiding en kapasiteit om die verhoogde lading van inligting te hanteer, het.

'n Inligtingstegnologiemaatskappy, IT-Techno, kontrakteer uit aan maatskappye en hanteer data volgens die spesifieke behoeftes van die kliënt.

Adviseer die versekeringsmaatskappy oor die opsie om IT-Techno te gebruik om die data vir hulle te hanteer. Verduidelik hierdie konsep en brei uit op die voordele en nadele van so 'n kontrak. **[40]**

VRAAG 7

Lees die onderstaande gevallestudie en bespreek die konsep van veranderingsbestuur. Verduidelik die veranderingsomgewings in 'n besigheidsonderneming en verwys na die metodes en strategieë wat gebruik word om verandering te implementeer. Stel in jou antwoord voor wat die redes vir weerstand teen verandering is en hoe hierdie weerstand teen verandering oorkom kan word.

BOU 'N ROBUUSTE MAATSKAPPY

Veronderstel die hele verkoopspan, aangespoor deur die verkoopsbestuurder, besluit om op dieselfde dag te bedank. Veronderstel verder 'n scenario waar 'n internasionale mededinger wat dieselfde produk as jy verkoop, skielik op die toneel verskyn en jou pryse met die helfte kan sny. Sal jou organisasie sterk genoeg wees om te kan voortbestaan?

Volgens Tony Manning is 'n sterk maatskappy een wat kragtig genoeg is om slegte tye te weerstaan en, van die grootste belang, die golwe van verandering te kan ry. Verandering is onvermydelik en dit kan en sal op enige gebied plaasvind, hetsy polities, ekonomies of tegnologies.

Verandering is die grootste enkele faktor wat menige organisasie kniehalter.

[Aangepas en vry vertaal uit: *Succeed*, 12 Junie 2006] **[40]**

VRAAG 8

Jy is aangestel as die produksiebestuurder van 'n nuutgevestigde fabriek wat vlae gaan vervaardig vir gebruik deur alle ondersteuners van die Suid-Afrikaanse sokkerspan (Bafana Bafana) in die Wêreldbeker-sokker in 2010.

Berei 'n motiveringsaanbieding vir die algemene bestuurder voor, waarin jy die geskikste produksiestelsel wat jy in die vervaardiging van groot hoeveelhede vlae sal gebruik, motiveer en wat jy vir 'n direkteursvergadering sal aanbeveel. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 80

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou